higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

19 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

269Q1B2019

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik die puntetoekennings as ’n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 'n Opname (‘record’) is 'n kompakskyf.

1.2 Kunstenaars word meganiese tantième betaal.

1.3 Persoonlike bestuurders behartig ('promote') opnames (‘records’).

1.4 Opnameooreenkomste (‘Recording deals’) is nie eksklusief nie.

1.5 Kunstenaars besit meganiese regte (‘mechanical rights’) op liedjies.

1.6 Voorskotte (‘Advance payments’) is nie verhaalbaar (‘recoupable’) nie.

1.7 Daar is geen verskil tussen ‘n opname (‘record’) en musiek nie.

1.8 Platemaatskappye besit die regte op musiek.

1.9 Vervaardigerstantième word deur die platemaatskappy betaal.

1.10 Die kunstenaar besit die regte op die opnames (‘records’).

1.11 Persoonlike bestuurders word optreetantième (‘performance royalties’) betaal.

1.12 Persoonlike bestuurders verteenwoordig die platemaatskappy.

1.13 Persoonlike bestuurders help met die kreatiewe proses.

1.14 Persoonlike bestuurders se kommissie word deur die kunstenaar betaal.

1.15 Sakebestuurders hanteer die kunstenaar se geld.

1.16 Sakebestuurders word ‘n fooi betaal vir alle geld wat ontvang word.

1.17 Retensiegeld (‘retainer’) is ‘n prokureur se vaste maandelikse fooi.

1.18 Prokureurs word deur die platemaatskappy betaal.

1.19 Prokureurs verteenwoordig die kunstenaar sowel as die platemaatskappy.

1.20 Agente koördineer kunstenaars se besprekings.

1.21 Agente word ‘n kommissie betaal.

1.22 Agente speel ‘n rol in die opneem van liedjies.

1.23 Sakebestuurders word ook tantième betaal.

1.24 Agente ontvang hul opdragte van platemaatskappye.

1.25 Kunstenaars kan by meer as een platemaatskappy opneem.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Y) langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Persoonlike bestuurder	A	geskatte voorgestelde kleinhandellysprys
2.2	Sakebestuurder	B	prokureursbetaling gegrond op uitset
2.3	Prokureur	C	kunstenaars- en repertoire-afdeling
2.4	Agent	D	verhaling van koste en voorskotte
2.5	Kommissie	E	kunstenaar betaal twee keer uit dieselfde inkomste
2.6	Vaste fooi (‘Flat fee’)	F	help kunstenaar met wetlike aspekte
2.7	Waardefakturering (‘Value billing’)	G	opnames wat nie te koop is nie aan media gegee
2.8	Uitsluitings	H	buffer tussen kunstenaar en buitewêreld
2.9	Albumsiklus	I	eenmalige betaling vir alle dienste aangebied
2.10	Sleutelpersoon	J	tantième deur platemaatskappy teruggehou
2.11	Dubbelkommissies	K	verteenwoordig twee opponerende partye
2.12	Volmag	L	vooruitbetaling van tantième
2.13	Invloed (‘Clout’)	M	koördineer kunstenaar se besprekings
2.14	Belangebotsing	N	toestemming om afwesige te vereenwoordig
2.15	‘A&R’	O	hanteer kunstenaar se geld
2.16	Nuwe media	P	bestuurder tree namens maatskappy op
2.17	Promosie	Q	persoon se hoeveelheid invloed en mag
2.18	Meesterkopie	R	reg om onverkoopte kopieë terug te stuur
2.19	Gratis goedere	S	betaling vir persoonlike bestuurders en agente
2.20	Promosiegoedere	T	afdeling wat digitale verkope koördineer
2.21	Terugstuurprivilegie	U	koste afgetrek voordat kommissies bereken word
2.22	Reserwes	V	advertering van opnames en kunstenaar
2.23	‘SRLP’	W	duur van bestuursooreenkoms
2.24	Voorskot	X	finale opname wat gekopiëer word
2.25	Verhaling (‘Recoupment’)	Y	opnames aan kleinhandelaars gegee, verkoop teen afslag

(25 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur ‘n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

industrie; tegnies; digitale; onafhanklike; interaktiewe; lisensiehouers; ‘recoupment’; liedjie; liedjieskrywer; oorspronklike; koppeling; kompilasie; versameling; persentasie; vervaardiger; podsending; 360; formule; dek; ooreenkomste; tasbare; maatskappye; album; verspreiders; ‘locker’

3.1 Kruis-kollateralisasie kan ook op verskillende … van toepassing wees.

3.2 ‘n Fonds is geld wat sowel die opnamekoste as ‘n voorskot …

3.3 ‘n … bepaal jou ooreenkoms gegrond op jou sukses.



3.4 In ’n 360-ooreenkoms kry … ‘n sekere gedeelte van die kunstenaar se verdienste.

3.5 Die platemaatskappy se …-aandeel word passiewe rente genoem.

3.6 ‘All-in’-tantième verwys na die …se betaling uit kunstenaars se tantième.

3.7 Die kunstenaar se tantième is ‘n … van die voorgestelde kleinhandellysprys.

3.8 Die … studio-opname word ‘n meesterkopie genoem.

3.9 ‘n ... platemaatskappy word deur die eienaars/beleggers gefinansier.

3.10 ‘n Nuwe kunstenaar het minder as 100 000 per … vrystelling verkoop.

3.11 ‘n … bevredigende album is goed opgeneem.



3.12 Die kunstenaar word betaal as ‘n … op beheerde komposisies.

3.13 ‘n Album van grootste treffers is ‘n … van liedjies uit vorige albums.

3.14 ‘n Vervaardiger plaas die kreatiewe produk in ‘n … vorm.

3.15 Vervaardigers word retroaktief betaal om ‘one after …’ op te neem.

3.16 … opnames word hoofsaaklik deur aflaai- en stroomdienste verkoop.

3.17 Eenstoppe koop van groot … en verkoop aan ‘mom-and-pop’-winkels.

3.18 … vervaardig en versprei opnames.



3.19 Die ... noem digitale verkope ‘one-way’.

Kopiereg voorbehou

3.20 ‘n … is ‘n plek waar musiek op iemand anders se bedienaar gestoor kan word.

3.21 ‘n … is ‘n gestroomde opname van ‘n radio-onderhoud.

3.22 … is om twee verskillende kunstenaars in een album op te neem.

3.23 ‘n Gesamentlike opname is twee kunstenaars wat aan dieselfde … saamwerk.

3.24 ‘n ‘Box set’ is ‘n … van meer as twee CD’s wat in ‘n enkelverpakking verkoop word.

3.25 Stroom op aanvraag is ‘n … digitale musiekdiens.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 ‘n ‘Loan-out’ is ‘n maatskappy wat kunstenaars se (opname-/toneelspeel-) dienste uithuur.

4.2 Alle (opname-/opvoerings-) ooreenkomste is eksklusief.

4.3 Heropnamebeperkings verhoed kunstenaars om (liedjies/opnames) binne ‘n spesifieke tyd weer op te neem.

4.4 Agtergrondvertonings (‘Sideman performances’) vind plaas wanneer supersterre op die agtergrond van ander kunstenaars se (opnames/opvoerings) sing en musiek maak.

4.5 Promosievideo’s word deur die (platemaatskappy/kunstenaar betaal).

4.6 Promosiepersone kry dit reg dat (opnames/musiek) oor die radio gespeel word.

4.7 ‘n ‘Upstream’-ooreenkoms skuif die (opnames/musiek) van die onafhanklike verspreider na sy hoofverspreider.

4.8 Pers- en verspreidingsooreenkomste word aangegaan tussen onafhanklike maatskappye en (groot platemaatskappye/uitgewersmaatskappye).

4.9 In ‘n gesamentlike onderneming (‘venture’) kry (groot platemaatskappye/ vervaardigingsmaatskappye) nie tantième nie.

4.10 ‘n Multikunstenaarooreenkoms stel die produksiemaatskappy in staat om ‘n aantal (kunstenaars/albums) aan die groot platemaatskappy te lewer.

Kopiereg voorbehou

4.11 ‘n Lewende album word tydens‘n regstreekse konsert (opgeneem/uitgevoer).

4.12 Mengers (‘Mixers’) gebruik multisnitte en meng dit dan om sublieme (musiek/opnames) te maak.

4.13 Albums met grootste treffers bevat nuwe (liedjies/opnames).

4.14 Rakgroothandelaars (‘Rack jobbers’) huur vloerruimte in (afdelings-/plate-) winkels.

4.15 ‘n Bondeldiens is ‘n kombinasie van (produkte/opnames) vir een diens.

4.16 ‘(Untethered’/’Tethered’) ‘downloads’ kan nie na ‘n ander toestel gekopieer word nie..

4.17 (‘Box sets’/Veelvoudige albums) is dubbel-CD-verpakkings.

4.18 (Verkoopspersone/Bemarking) kry opnames in kleinhandelswinkels.

4.19 Supersterre verkoop (meer/minder) as 750 000 kopieë per albumvrystelling.

4.20 Tipiese (kommissie-/tantième-) verhogings is tussen 0,5% en 1%.

4.21 Die (persoonlike bestuurder/agent) eis geen kommissie op die medeskrywersaandeel nie.

4.22 Oorgangsbepalings (‘Sunset clauses’) maak voorsiening vir die bestuurder se kommissie ná die (bestuurs-/opname-) termyn verstryk het.

4.23 Die sleutelpersoon word deur die (platemaatskappy/bestuursmaatskappy) aangewys.

4.24 ‘n Persoonlike bestuurder se rol is om die kunstenaar se (loopbaan/geld) te bestuur.

4.25 ‘n Voorskot is ‘n voorbetaling van (tantième/fooie).

(25 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 5

Verduidelik elk van die volgende:

5.1 Kruis-kollateralisasie

5.2 Agtergrondoptredes (‘Sideman performances’)

5.3 Oorgangsbepalings (‘Sunset clauses’)

5.4 Leweringsvereistes (‘Delivery requirements’)

5.5 Goedereregte(‘Merchandising rights’)

(5 × 10) **[50]**

VRAAG 6

Bespreek elk van die volgende:

6.1 360-ooreenkoms (10)

6.2 Bestuursooreenkoms (20)

6.3 Opnameooreenkoms (‘Recording deal’) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou